REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS
OVERSEAS 15c OORSEE
POST FREE — POSVRY

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 46] PRETORIA, 18 APRIL 18 APRIL 1969 [No. 2355

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. 91, 1969

The following Proclamation is republished for general information:—

No. 82, 1969

ALTERATIONS OF DESIGNS ON COIN

Under and by virtue of the powers vested in me by section 20 (1) (a) of the South African Mint and Coinage Act, 1964 (Act 78 of 1964), I hereby declare—

(a) that, notwithstanding anything contained in Proclamation 90 of 1965, the designs on the obverse and reverse of the 1 Rand silver coin of the Republic of South Africa, shown in the Schedule hereto and made and issued during the year 1969 in terms of section 11 (1) of the said Act, shall be as shown in the said Schedule.

This Proclamation shall come into operation on 1 April 1969.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twentieth day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
N. DIEDERICHS.

SCHEDULE

Obverse
1 Rand (silver coin)

Reverse
1 Rand (silver coin)

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 91, 1969

Die volgende Proklamasie word vir algemene inligting herpubliseer:—

No. 82, 1969

WYSIGINGS VAN ONTWERPE OP MUNTSTUKKE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 20 (1) (a) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Munt en Munte, 1964 (Wet 78 van 1964), verklaar ek hierby—

(a) dat, ondanks enigiets in Proklamasie 90 van 1965 vervat, die ontwerpe op die voorkant en keersy van die 1 Rand-silwermuntstuk van die Republiek van Suid-Afrika wat in die Bylae hiervan getoon word en wat gedurende 1969 vervaardig en uitgereik word kragtens artikel 11 (1) van genoemde Wet, is soos in genoemde Bylae getoon.

Hierdie Proklamasie tree op 1 April 1969 in werking.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
N. DIEDERICHS.

BYLAE

Voorkant
1 Rand (silwermuntstuk)

1 Rand (silwermuntstuk)



GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 605 18 April 1969

DECLARATION OF A BETTERMENT AREA, DISTRICT OF RUSTENBURG

Acting in pursuance of an assignment by the Minister of Bantu Administration and Development, I, Andries Heydenrich Vosloo, Deputy Minister of Bantu Development, hereby on behalf of the said Minister under and by virtue of the powers vested in him by section 4 (1) of Proclamation R. 196 of 1967, declare the land unit defined in the accompanying Schedule a betterment area.

A. H. VOSLOO,
Deputy Minister of Bantu Development.

26 February 1969.

SCHEDULE

District	*Description of land unit*
Rustenburg.....	Bakwena-ba Modimosana-ba-Matau Tribal Authority Area, as defined by Government Notice 161, dated 10 February 1967.

No. 606 18 April 1969

MODIFICATION OF THE AREA AND RE-DETERMINATION OF THE NUMBER OF MEMBERS OF THE VHEMBE REGIONAL AUTHORITY.—SIBASA DISTRICT

The State President has been pleased in terms of the powers vested in him by sections 2 (3) and 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to approve of the amendment of Government Notice 1254 of 14 August 1959, in accordance with the accompanying Schedule.

SCHEDULE

(1) Substitute for the words "Tribal Authorities" where they appear for the first time in paragraph 1 the words "Tribal and Community Auhorities";

(2) Substitute for the words "Sibasa" and "Nesengani" where they appear in paragraphs (1) (f) and (1) (g) respectively the words "Tshivhase" and "Davhana" respectively;

(3) Insert after paragraph 1 (k) the following subparagraphs:—
";

(l) the Tshikundamalema Tribal Authority as made known by Government Notice 1553, dated 7 October 1966;

(m) Manenzhe Tribal Authority as made known by Government Notice 434, dated 22 March 1968;

(n) Tshakuma Tribal Authority as made known by Government Notice 1006, dated 7 June 1968;

(o) Mutele Tribal Authority as made known by Government Notice 813, dated 9 September 1967; and

(p) Gwamasenga Community Authority as made known by Government Notice 1462, dated 22 September 1967."; and

(4) Subsitute for the numerals "25" in paragraph (2) the words and numerals "not exceeding 35".

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. 605 18 April 1969

VERKLARING TOT 'N VERBETERINGSGEBIED, DISTRIK RUSTENBURG

Handelende ingevolge 'n opdrag van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, verklaar ek, Andries Heydenrich Vosloo, Adjunk-minister van Bantoe--ontwikkeling, namens genoemde Minister kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 (1) van Proklamasie R. 196 van 1967, die grondeenheid omskryf in bygaande Bylae tot 'n verbeteringsgebied.

A. H. VOSLOO,
Adjunk-minister van Bantoe-ontwikkeling.

26 Februarie 1969.

BYLAE

Distrik	*Beskrywing van grondeenheid*
Rustenburg.....	Bakwena-ba Modimosana-ba-Matau-stamowerheidsgebied, soos omskryf by Goewermentskennisgewing 161 van 10 Februarie 1967.

No. 606 18 April 1969

VERANDERING VAN DIE GEBIED EN HERBEPALING VAN DIE GETAL LEDE VAN DIE VHEMBE-STREEKSOWERHEID.—D I S T R I K SIBASA

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels 2 (3) en 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing 1254 van 14 Augustus 1959 ooreenkomstig bygaande Bylae.

BYLAE

(1) Vervang die woord "stamowerhede" waar dit vir die eerste keer voorkom in paragraaf 1 deur die woorde "stam- en gemeenskapsowerhede";

(2) Vervang die woorde "Sibasastamowerheid" en "Nesenganistamowerheid" waar dit voorkom in paragrawe (1) (f) en (1) (g) onderskeidelik deur die woorde "Tshivhase-stamowerheid" en "Davhana-stamowerheid" onderskeidelik;

(3) Voeg na paragraaf 1 (k) die volgende subparagrawe in:—
";

(l) Tshikundamalema-stamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 1553 van 7 Oktober 1966;

(m) Manenzhe-stamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 434 van 22 Maart 1968;

(n) Tshakuma-stamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 1006 van 7 Junie 1968;

(o) Mutele-stamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 813 van 9 September 1967; en

(p) Gwamasenga-gemeenskapsowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 1462 van 22 September 1967."; en

(4) Vervang die syfers "25" in paragraaf (2) deur die woorde en syfers "hoogstens 35".

No. 607 18 April 1969

MODIFICATION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA AND REDETERMINATION OF THE NUMBER OF COUNCILLORS OF THE MASIA TRIBAL AUTHORITY IN THE SIBASA AND SOUTPANSBERG DISTRICTS

The State President has been pleased in terms of the powers vested in him by sections 2 and 3 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice 1928, dated 26 October 1956, in accordance with the accompanying Schedule.

F53/1388/8.

SCHEDULE

(1) In paragraph (2) substitute the words "not more than eight" for the words "not less than nine and not more than twelve".

(2) In paragraph (b) (ii) of the Schedule substitute the word "Portion" for the words and numeral "Portions 3 and".

No. 608 18 April 1969

REDETERMINATION OF THE NUMBER OF COUNCILLORS OF THE TSONGA TRIBE AND HLANEKI TRIBAL AUTHORITY; AND THE TSONGA TRIBE AND MABUNDA TRIBAL AUTHORITY, LETABA DISTRICT

The State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice 1854, dated 29 November 1957, in accordance with the accompanying Schedule.

F53/1167/3.

SCHEDULE

Substitute for Schedule B the following:—

"The Hlaneki Tribal Authority consisting of the Chief and not more than 20 councillors and the Mabunda Tribal Authority consisting of the Chief and not more than 15 councillors."

No. 609 18 April 1969

DECLARATION OF A BETTERMENT AREA, DISTRICT OF MAFEKING

Acting in pursuance of an assignment by the Minister of Bantu Administration and Development, I, Andries Heydenrich Vosloo, Deputy Minister of Bantu Development, hereby on behalf of the said Minister under and by virtue of the powers vested in him by section 4 (1) of Proclamation R. 196 of 1967, declare the land unit defined in the accompanying Schedule a betterment area.

A. H. VOSLOO,
Deputy Minister of Bantu Development.

SCHEDULE

District	*Description of land unit*
Mafeking.....	Masibi Batlharo Tribal Authority Area, as defined by Government Notice 860 of 20 July 1958, as amended by Government Notice 1090, dated 24 June 1964.

No. 607 18 April 1969

WYSIGING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED EN HERBEPALING VAN DIE GETAL RAADSMANNE VAN DIE MASIA-STAMOWERHEID IN DIE DISTRIKTE SIBASA EN SOUTPANSBERG

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels 2 en 3 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing 1928 van 26 Oktober 1956 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F53/1388/8.

BYLAE

(1) In paragraph (2) vervang die woorde "minstens nege en hoogstens twaalf" deur die woorde "hoogstens agt".

(2) In paragraaf (b) (ii) van die Bylae vervang die woorde en syfer "Gedeeltes 3 en" deur die woord "Gedeelte".

No. 608 18 April 1969

HERBEPALING VAN DIE GETAL RAADSMANNE VAN DIE TSONGA-STAM EN HLANEKI-STAMOWERHEID; EN DIE TSONGA-STAM EN MABUNDA-STAMOWERHEID, DISTRIK LETABA

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing 1854 van 29 November 1957 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F53/1167/3.

BYLAE

Vervang Bylae B deur:—

"Die Hlaneki-stamowerheid bestaande uit die kaptein en hoogstens 20 raadsmanne en die Mabunda-stamowerheid bestaande uit die kaptein en hoogstens 15 raadsmanne."

No. 609 18 April 1969

VERKLARING TOT 'N VERBETERINGSGEBIED, DISTRIK MAFEKING

Handelende ingevolge 'n opdrag van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, verklaar ek, Andries Heydenrich Vosloo, Adjunk-minister van Bantoe-ontwikkeling, namens genoemde Minister kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 (1) van Proklamasie R. 196 van 1967, die grondeenheid omskryf in bygaande Bylae tot 'n verbeteringsgebied.

A. H. VOSLOO,
Adjunk-minister van Bantoe-ontwikkeling.

BYLAE

Distrik	*Beskrywing van grondeenheid*
Mafeking.....	Masibi Batlharo-stamowerheidsgebied, soos omskryf by Goewermentskennisgewing 860 van 20 Julie 1958, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 1090 van 24 Junie 1964.

No. 619 18 April 1969

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE SITHOLE TRIBE AND ESTABLISHMENT OF THE VULINDLELA-SITHOLE TRIBAL AUTHORITY IN THE NQUTU AND NKANDLA DISTRICTS

The State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (a) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Sithole Tribe in accordance with the accompanying Schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to establish a tribal authority in respect of the aforesaid Tribe under Chief Zwelibanzi Sithole and in respect of the area as defined in the aforesaid Schedule, to be known as the Vulindlela-Sithole Tribal Authority; and

(3) section 3 (1) (a) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the Tribal Authority shall, in addition to the Chief of the said Tribe, consist of not more than 26 councillors.

File F53/1466/16.

SCHEDULE

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE SITHOLE TRIBE AND VULINDLELA-SITHOLE TRIBAL AUTHORITY IN THE NQUTU AND NKANDLA DISTRICTS

Beginning at Beacon SM3 erected on the boundary of the farm Madhlozi Lot 11; thence in a straight line in a westerly direction to the highest point of the Mhloshana Hill; thence in a straight line in a westerly direction to Beacon SM2 erected on the edge of the Ndindindi kranses; thence along the edge of the kranses in a northerly direction to Beacon SM1 erected at the source of the Ndlovini Stream; thence down this stream in a northerly direction to its confluence with the Sipunzi Stream; thence down the Sipunzi Stream to its junction with the Gubazi Stream; thence up the Gubazi Stream in a southerly direction to its confluence with the Utiya Stream; thence up the Utiya Stream to its source; thence in a straight line in a westerly direction to the source of the Mhobo Stream; thence down this stream to its confluence with the Buffalo River; thence down the Buffalo River to its confluence with the Nsunguza Stream; thence up this stream to its source on the boundary of the farm The Heights; thence in a northerly and easterly direction along the western and northern boundaries of the farm The Heights, Lot 2, Lot 5 and Lot 7 to the point of beginning.

No. 619 18 April 1969

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE SITHOLE-STAM EN INSTELLING VAN DIE VULINDLELA-SITHOLE-STAMOWERHEID IN DIE DISTRIKTE NQUTU EN NKANDLA

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), die grense van die gebied van die Sithole-stam te bepaal ooreenkomstig bygaande Bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder kaptein Zwelibanzi Sithole en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde Bylae 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Vulindlela-Sithole-stamowerheid; en

(3) artikel 3 (1) (a) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 26 raadsmanne moet bestaan.

Lêer F53/1466/16.

BYLAE

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE SITHOLE-STAM EN VULINDLELA-SITHOLE-STAMOWERHEID IN DIE DISTRIKTE NQUTU EN NKANDLA

Begin by Baken SM3 wat opgerig is op die grens van die plaas Madhlozi Lot 11; daarvandaan in 'n reguit lyn in 'n westelike rigting tot by die hoogste punt van die Mhloshanaheuwel; daarvandaan in 'n reguit lyn in 'n westelike rigting tot by Baken SM2 wat opgerig is op die rand van die Ndindindikranse; daarvandaan met die rand van die kranse langs in 'n noordelike rigting tot by Baken SM1 wat opgerig is by die oorsprong van die Ndlovinispruit; daarvandaan met die stroom af in 'n noordelike rigting tot by sy sameloop met die Sipunzispruit; daarvandaan met die Sipunzispruit af tot by sy aansluiting met die Gubazispruit; daarvandaan met die Gubazispruit op in 'n suidelike rigting tot by sy sameloop met die Utiyaspruit; daarvandaan met die Utiyaspruit op tot by sy oorsprong; daarvandaan in 'n reguit lyn in 'n westelike rigting tot by die oorsprong van die Mhobospruit; daarvandaan met dié spruit af tot by sy sameloop met die Buffelsrivier; daarvandaan met die Buffelsrivier af tot by sy sameloop met die Nsunguzaspruit; daarvandaan met die spruit op tot by sy oorsprong op die grens van die plaas The Heights; daarvandaan in 'n noordelike en oostelike rigting met die westelike en noordelike grense langs van die plaas The Heights, Lot 2, Lot 5 en Lot 7 tot by die beginpunt.

No. 622 18 April 1969

ESTABLISHMENT OF THE NQUTU REGIONAL AUTHORITY AND DESIGNATION OF THE CHIEF MFELAFUTHI MDLALOSE AS CHAIRMAN OF THE SAID REGIONAL AUTHORITY.—NQUTU DISTRICT

The State President has been pleased, in terms of—

(1) section 2 (1) (b) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to establish a regional authority to be known as the Nqutu Regional Authority in respect of the areas of the following Tribal Authorities:—

(a) the Hlahlindlela Tribal Authority as made known by Government Notice 982, dated 3 July 1964;

No. 622 18 April 1969

INSTELLING VAN DIE NQUTU-STREEKSOWERHEID EN AANWYSING VAN KAPTEIN MFELAFUTHI MDLALOSE AS VOORSITTER VAN GENOEMDE STREEKSOWERHEID.—DISTRIK NQUTU

Dit het die Staatspresident behaag om—

(1) kragtens artikel 2 (1) (b) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), 'n streeksowerheid wat bekend sal staan as die Nqutu-streeksowerheid in te stel ten opsigte van die gebiede van die volgende stamowerhede:—

(a) die Hlahlindlelastamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 982 van 3 Julie 1964;

(b) the Khiphinkunzi Tribal Authority as made known by Government Notice 1006, dated 3 July 1964;

(c) the Emandleni Tribal Authority as made known by Government Notice 528, dated 21 April 1967;

(d) the Mbokodwebomvu Tribal Authority as made known by Government Notice 1285, dated 25 August 1967; and

(e) the Mangwe Buthanani Tribal Authority as made known by Government Notice 584, dated 11 April 1968;

(2) section 3 (1) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to designate Chief Mfelafuthi Mdlalose as Chairman of the said Nqutu Regional Authority and to determine that the said Regional Authority shall consist of 12 members inclusive of the Chairman.

F55/8/19.

No. 623 18 April 1969

MODIFICATION OF THE AREA AND RE-DETERMINATION OF THE NUMBER OF MEMBERS OF THE INDLOVU REGIONAL AUTHORITY.—MAPUMULO DISTRICT

The State President has been pleased in terms of the powers vested in him by sections 2 (3) and 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951) to approve of the amendment of Government Notice 2086, dated 23 December 1960, in accordance with the accompanying Schedule.

F55/8/3.

SCHEDULE

(1) Insert after paragraph 1 (k) the following subparagraphs:—

"(l) the Embo Tribal Authority as made known by Government Notice 377, dated 15 March 1968; and

(m) the Mlamula Tribal Authority as made known by Government Notice 1469, dated 23 August 1968";

(2) Substitute for the number "24" in paragraph (2) the number "28";

(3) Delete any reference to "Ndwedwe" wherever it appears;

(4) Substitute for the heading to the Government Notice "Establishment of the Indlovu Regional Authority, Mapumulo and Umvoti Districts:"; and

(5) Substitute for the number and letter "1 (h)" where they appear for the second time in the English version the number and letter "1 (k)".

DEPARTMENT OF CULTURAL AFFAIRS

No. 603 18 April 1969

PROCLAMATION OF A MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 8 (1) (a) of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (Act 4 of 1934), I, Johannes de Klerk, Minister of National Education, hereby proclaim the former hostel of the Rhenish School at Stellenbosch, with the site on which it is situated, to be a monument.

Description

Certain piece of land with the buildings, known as the former hostel of the Rhenish School, thereon, being—

(a) remainder of Erf 637, Stellenbosch, in extent (as such) 382 square roods 63 square feet (Diagram 3/1787, filed with registration duplicate of Deed of Transfer 28/1787, dated 26 January 1787); and

(b) die Khiphinkunzistamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 1006 van 3 Julie 1964;

(c) die Emandlenistamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 528 van 21 April 1967;

(d) die Mbokodwebomvustamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 1285 van 25 Augustus 1967; en

(e) die Mangwe Buthananistamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 584 van 11 April 1968;

(2) kragtens artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, Kaptein Mfelafuthi Mdlalose aan te wys as voorsitter van genoemde Nqutu-streeksowerheid en te bepaal dat genoemde streeksowerheid uit 12 lede, met inbegrip van die voorsitter, bestaan.

F55/8/19.

No. 623 18 April 1969.

VERANDERING VAN DIE GEBIED EN HERBEPALING VAN DIE GETAL LEDE VAN DIE INDLOVU-STREEKSOWERHEID.—D I S T R I K MAPUMULO

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels 2 (3) en 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing 2086 van 23 Desember 1960 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F55/8/3.

BYLAE

(1) Voeg na paragraaf 1 (k) die volgende subparagrawe in:—

"(l) die Embostamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 377 van 15 Maart 1968; en

(m) die Mlamulastamowerheid soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing 1469 van 23 Augustus 1968";

(2) Vervang die syfer "24" in paragraaf (2) deur die syfer "28";

(3) Skrap enige verwysing na "Ndwedwe" waar dit ook al mag voorkom;

(4) Vervang die opskrif tot die Goewermentskennisgewing deur "Instelling van die Indlovu-streeksowerheid, Distrikte Mapumulo en Umvoti"; en

(5) Vervang die syfer en letter "1 (h)" waar dit vir die tweede keer voorkom in paragraaf 1 van die Engelse teks deur die syfer en letter "1 (k)".

DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE

No. 603 18 April 1969

PROKLAMERING VAN 'N GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 8 (1) (a) van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (Wet 4 van 1934), proklameer ek, Johannes de Klerk, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die voormalige koshuis van die Rhenish-skool op Stellenbosch, tesame met die perseel waarop dit geleë is, as 'n gedenkwaardigheid.

Beskrywing

Sekere stuk grond met die geboue, bekend as die voormalige koshuis van die Rhenish-skool, daarop, synde—

(a) die restant van Erf 637, Stellenbosch, groot (as sodanig) 382 vierkante roede 63 vierkante voet (Kaart 3/1787 weggelê met die registrasie-duplikaat van Transportakte 28/1787, gedateer 26 Januarie 1787); en

(b) Erf 638, Stellenbosch, in extent 25 square roods 122 square feet (Diagram 945/1860, filed with Deed of Transfer 222/1860, dated 13 March 1860);

portions of the consolidated Erf 3465, Stellenbosch (not yet registered to date). (Surveyor-General's Diagram 828/62.)

Historical Interest

The Rhenish School was founded in 1860 and moved to this site in 1862. The house which stood here was gradually enlarged until the building assumed its present appearance at the end of the nineteenth century.

J. DE KLERK,
Minister of National Education.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 588 18 April 1969

2⅞ PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 1964/69 CERTIFICATE 237 FOR R120 ISSUED IN FAVOUR OF ELSPETH BRUCE MOFFAT

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that, unless the original is produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, a duplicate as applied for, will be issued.

No. 617 18 April 1969.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.—APPOINTMENT OF DIRECTOR

It is hereby notified for general information that the State President, under the powers vested in him by subsection (1) of section *three* read in conjunction with subsection (1) of section *five* of the South African Reserve Bank Act, 1944 (Act 29 of 1944), has been pleased to approve of the appointment of Dr C. L. de Bruyn as a Director (Government Representative) of the South African Reserve Bank in the place of the late Dr D. H. Steyn, for the unexpired portion of the latter's term of office, namely until 30 June 1969.

Treasury,
Pretoria, 10 April 1969.

No. 618 18 April 1969

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.—APPOINTMENT OF DIRECTOR

It is hereby notified for general information that the State President, under the powers vested in him by subsection (1) of section *three* read in conjunction with subsection (2) of section *four* of the South African Reserve Bank Act, 1944 (Act 29 of 1944), has been pleased to approve of the re-appointment of Dr C. H. Brink as a Director (Government Representative) of the South African Reserve Bank for a further period of three years with effect from 1 April 1969.

Treasury,
Pretoria, 10 April 1969.

(b) Erf 638, Stellenbosch, groot 25 vierkante roede 122 vierkante voet (Kaart 945/1860 weggelê met Transportakte 222/1860, gedateer 13 Maart 1860);

gedeeltes van die gekonsolideerde Erf 3465, Stellenbosch (tot op datum nog nie geregistreer nie). (Landmeter-generaal se Kaart 828/62.)

Historiese Belang

Die Rhenish-skool is in 1860 gestig en het hierdie perseel in 1862 betrek. Die huis wat hier gestaan het, is geleidelik vergroot totdat die gebou teen die einde van die negentiende eeu sy huidige voorkoms gekry het.

J. DE KLERK,
Minister van Nasionale Opvoeding.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 588 18 April 1969

PLAASLIKE GEREGISTREERDE 2⅞-PERSENT-EFFEKTE 1964/69 SERTIFIKAAT 237 VIR R120 UITGEREIK TEN GUNSTE VAN ELSPETH BRUCE MOFFAT

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

No. 617 18 April 1969

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.—AANSTELLING VAN DIREKTEUR

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het, om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *drie* gelees met subartikel (1) van artikel *vyf* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944 (Wet 29 van 1944), die aanstelling van dr. C. L. de Bruyn as Direkteur (Regeringsverteenwoordiger) van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, in die plek van wyle dr. D. H. Steyn, vir die onverstreke gedeelte van laasgenoemde se ampstermyn, naamlik tot 30 Junie 1969, goed te keur.

Tesourie,
Pretoria, 10 April 1969.

No. 618 18 April 1969

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.—AANSTELLING VAN DIREKTEUR

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *drie* gelees met subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944 (Wet 29 van 1944), die heraanstelling van dr. C. H. Brink as Direkteur (Regeringsverteenwoordiger) van die Suid-Afrikaanse Reserwebank vir 'n verdere tydperk van drie jaar met ingang van 1 April 1969, goed te keur.

Tesourie,
Pretoria, 10 April 1969.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 613 18 April 1969

The State President has been pleased to grant recognition on 27 March 1969 to Mr Rudolf Roman Stucken as Honorary Consul of the Federal Republic of Germany in Port Elizabeth with the Magisterial Districts of Aberdeen, Albany, Alexandria, Bathurst, Bedford, Colesberg, Cradock, Graaff-Reinet, Hankey, Humansdorp, Jansenville, Joubertina, Kirkwood, Knysna, Maraisburg, Middelburg, Noupoort, Pearston, Port Elizabeth, Somerset East, Steynsburg, Steytlerville, Uitenhage, Uniondale, Venterstad and Willowmore as his area of jurisdiction, in anticipation of the issuance to him of an Exequatur. Mr Stucken is the successor to the late Mr Alfred Bülbring.

DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION

No. 616 18 April 1969

COMMISSION OF INQUIRY INTO UNIVERSITIES IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

The State President has been pleased to appoint John Glen Finlay (*vice* Lyell Thomas Campbell-Pitt) a member of the Commission of Inquiry into Universities in the Republic of South Africa, as announced in *Government Gazette* 2217, dated 22 November 1968.

J. DE KLERK.
Minister of National Education.

DEPARTMENT OF INTERIOR

No. 621 18 April 1969

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—CHINNAPPEN TO RYAN

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Iyawoo Chinnappen and his wife Janet Chinnappen (born Hoffmann), residing at Marlene, Ruth Road, Rylands Estate, Athlone, Cape, to assume the surname of Ryan.

DEPARTMENT OF MINES

No. 586 18 April 1969

STATE LAND WITHDRAWN FROM PUBLIC PROSPECTING

The Deputy Minister of Mines, acting on behalf of the Minister of Mines, has in terms of section 10 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), withdrawn from public prospecting for precious metals and base minerals, as from the date of publication hereof in the *Government Gazette*, certain State land, details of which appear in the attached Schedule.

M.M. 11/4640.

SCHEDULE

Description of land	*Extent*
Remaining extent of Erf 268, Blaauwbergstrand, Division of Cape, Province of the Cape of Good Hope, as shown on Sketch Plan R.M.T. R.16/69	Approximately 1066·4112 morgen.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 613 18 April 1969

Dit het die Staatspresident behaag om op 27 Maart 1969 erkenning aan mnr. Rudolf Roman Stucken te verleen as Erekonsul van die Bondsrepubliek Duitsland in Port Elizabeth met die landdrosdistrikte Aberdeen, Albanie, Alexandria, Bathurst, Bedford, Colesberg, Cradock, Graaff-Reinet, Hankey, Humansdorp, Jansenville, Joubertina, Kirkwood, Knysna, Maraisburg, Middelburg, Noupoort, Pearston, Port Elizabeth, Somerset-Oos, Steynsburg, Steytlerville, Uitenhage, Uniondale, Venterstad en Willowmore as sy regsgebied, in afwagting van die uitreiking aan hom van 'n Exequatur. Mnr. Stucken is die opvolger van wyle mnr. Alfred Bülbring.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS.

No. 616 18 April 1969

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE UNIVERSITEITSWESE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Dit het die Staatspresident behaag om John Glen Finlay te benoem tot lid (in die plek van Lyell Thomas Campbell-Pitt) van die Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese in die Republiek van Suid-Afrika, soos bekendgemaak in *Staatskoerant* 2217 van 22 November 1968.

J. DE KLERK.
Minister van Nasionale Opvoeding.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 621 18 April 1969

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—CHINNAPPEN IN RYAN

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Iyawoo Chinnappen en sy vrou Janet Chinnappen (gebore Hoffmann), woonagtig te Marlene, Ruthweg, Rylandslandgoed, Athlone, Kaapprovinsie, te magtig om die van Ryan aan te neem.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 586 18 April 1969

STAATSGROND ONTTREK AAN OPENBARE PROSPEKTERING

Die Adjunk-minister van Mynwese, handelende namens die Minister van Mynwese het kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), sekere Staatsgrond waarvan besonderhede in die bygaande Bylae voorkom, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* aan openbare prospektering na edelmetale en onedele minerale onttrek.

M.M. 11/4640.

BYLAE

Beskrywing van grond	*Grootte*
Restant Erf 268, Blaauwbergstrand, afdeling Kaap, provinsie Kaap die Goeie Hoop, soos aangetoon op Sketskaart R.M.T. R.19/69	Ongeveer 1066·4112 morg.

No. 587 18 April 1969

WITHDRAWAL OF LAND FROM THE PEGGING OF CLAIMS

The Deputy Minister of Mines, acting on behalf of the Minister of Mines, has in terms of section 41 (3) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), withdrawn from the pegging of claims by the public under Chapter VI of the said Act, as from the date of publication hereof in the *Government Gazette*, an area of proclaimed land approximately 205 morgen in extent, situate on the farm Waterval 168 JT, District of Pilgrim's Rest, Mining District of Barberton, Transvaal Province, and as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Barberton, under R.M.T. R.6/69.

M.M. 144/149.

No. 596 18 April 1969

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land approximately 324·76 morgen in extent, situate on the farm Daggafontein 125 IR, District of Springs, Mining District of Heidelberg, Transvaal Province, registered in the name of the Town Council of Springs and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Heidelberg, under R.M.T. R.24/68.

M.M. 17/4238.

No. 597 18 April 1969

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land approximately 4 morgen in extent, situate on the farm Elandsfontein 90 IR, District of Germiston, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, registered in the name of Simmer and Jack Mines Limited and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. 2516. M.M. 17/4213.

No. 600 18 April 1969

STATE LAND WITHDRAWN FROM PUBLIC PROSPECTING

The Deputy Minister of Mines, acting on behalf of the Minister of Mines, has in terms of section 10 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), withdrawn from public prospecting for precious metals and base minerals, as from the date of publication hereof in the *Government Gazette*, certain State land, situate in the County of Pietermaritzburg, Mining District of Natal, Province of Natal, details of which appear in the attached Schedule.

M.M. 17/3.

No. 587 18 April 1969

ONTTREKKING VAN GROND AAN DIE AFPENNING VAN KLEIMS

Die Adjunk-minister van Mynwese, handelende namens die Minister van Mynwese, het kragtens artikel 41 (3) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), en met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*, 'n stuk geproklameerde grond ongeveer 205 morg groot, geleë op die plaas Waterval 168 JT, distrik Pelgrimsrus, myndistrik Barberton, provinsie Transvaal, en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Barberton, onder R.M.T. R.6/69 bewaar word, onttrek aan die afpenning van kleims deur die publiek kragtens Hoofstuk VI van genoemde Wet. M.M. 144/149.

No. 596 18 April 1969

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), 'n stuk geproklameerde grond ongeveer 324·76 morg groot, vir die doel van 'n dorp uitgehou op die plaas Daggafontein 125 IR, distrik Springs, myndistrik Heidelberg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van die Stadsraad van Springs en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Heidelberg, onder R.M.T. R.24/68 bewaar word. M.M. 17/4238.

No. 597 18 April 1969

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer vier morg groot, vir die doel van 'n dorp uitgehou op die plaas Elandsfontein 90 IR, distrik Germiston, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Simmer and Jack Mines Limited en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. 2516 bewaar word. M.M. 17/4213.

No. 600 18 April 1969

STAATSGROND ONTTREK AAN OPENBARE PROSPEKTERING

Die Adjunk-minister van Mynwese, handelende namens die Minister van Mynwese, het kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), sekere Staatsgrond, geleë in die county Pietermaritzburg, myndistrik Natal, provinsie Natal, waarvan besonderhede in die bygaande Bylae voorkom, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* aan openbare prospektering na edelmetale en onedele minerale onttrek.

M.M. 17/3.

SCHEDULE

Desc iption of land	*Extent*	*S.G. Diagram No.*
1. The following subdivisions of the farm F.P. 297 No. 9590, District of Underberg:—		
(a) Remainder.....	129 acres 2 roods....	S.V. 645, fol. 15.
(b) Subdivision A.....	60 acres.....	S.V. 446, fol. 92.
(c) Remainder of Subdivision B	229·9970 acres.....	S.V. 446, fol. 93.
(d) Subdivision 1 of Subdivision B	30 acres.....	S.V. 811, fol. 94.
(e) Subdivision 5 of Subdivision B	39·2342 acres.....	S.G. 1856/43.
2. Remainder of the farm F.P. 149 No. 9802, District of Mpendle	478 acres 3 roods 37 perches	S.V. 645, fol. 37.

No. 614 18 April 1969

STATE LAND WITHDRAWN FROM PUBLIC PROSPECTING

The Deputy Minister of Mines, acting on behalf of the Minister of Mines, has in terms of section 10 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), withdawn from public prospecting for precious metals and base minerals, as from the date of publication hereof in the *Government Gazette*, certain State land, details of which appear in the attached Schedule. M.M. 11/4707.

SCHEDULE

Description of land	*Extent*
Farms Police, Khuis and Bogogobo, Division of Gordonia, Mining District of Barkly West, Province of the Cape of Good Hope, as shown on Diagrams B. 210/1928, B. 610/1928 and B. 609/1928, respectively	Together 19,021 morgen 340 square roods.

No. 615 18 April 1969

RESERVATION OF LAND FOR PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for purposes of a township a portion of proclaimed land approximately one decimal three morgen in extent, situate on the farm Klipriviersberg 106 IR, District of Johannesburg, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, registered in the name of I. R. Macdonald and as shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. R.42/68. M.M. 17/4271.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 533 3 April 1969

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Olifants River Government Water Scheme.

BYLAE

Beskrywing van grond	*Grootte*	*L.G. Kaart No.*
1. Die volgende onderverdelings van die plaas F.P. 297 No. 9590, distrik Underberg:—		
(a) Restant.....	129 acres 2 roede.....	S.V. 645, fol. 15.
(b) Onderverdeling A.	60 acres.....	S.V. 446, fol. 92.
(c) Restant van Onderverdeling B	229·9970 acres.....	S.V. 446, fol. 93.
(d) Onderverdeling 1 van Onderverdeling B	30 acres.....	S.V. 811, fol. 94.
(e) Onderverdeling 5 van Onderverdeling B	39·2342 acres.....	S.G. 1856/43.
2. Restant van die plaas F.P. 1 9 No. 9802, distrik Mpendle	478 acres 3 roede 37 perches	S.V. 645, fol. 37.

No. 614 18 April 1969

STAATSGROND ONTTREK AAN OPENBARE PROSPEKTERING

Die Adjunk-minister van Mynwese, handelende namens die Minister van Mynwese, het kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), sekere Staatsgrond waarvan besonderhede in bygaande Bylae voorkom, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant* aan openbare prospektering na edelmetale en onedele minerale onttrek. M.M. 11/4707.

BYLAE

Beskrywing van grond	*Grootte*
Plase Police, Khuis en Bogogobo, afdeling Gordonia, myndistrik Barkly-Wes, provinsie Kaap die Goeie Hoop, soos onderskeidelik aangetoon op Kaarte B. 210/1928, B. 610/1928 en B. 609/1928	Gesamentlik 19,021 morg 340 vierkante roede.

No. 615 18 April 1969

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer een desimaal drie morg groot, vir die doel van 'n dorp uitgehou op die plaas Klipriviersberg 106 IR, distrik Johannesburg, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van I. R. Macdonald en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. R.42/68 bewaar word.

M.M. 17/4271.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 533 3 April 1969

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (a) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET 71 VAN 1965

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (a) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel 60 van genoemde Wet, besluit het om die volgende regte op grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Olifantsrivier-staatswaterskema.

The Notice of Expropriation or Appropriation of the rights was served by registered letter dated 5 March 1969 on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

Description of land	*Rights expropriated or appropriated*
1. Remainder of Portion 1 of the farm Birdfield 306, Division of Vanrhynsdorp, measuring 626·0931 morgen, held by Deed of Transfer 2799, registered on 7 March 1957	Servitude of aqueduct.
2. Portion 93 (portion of Portion 72) of the farm Melkboom 384, Division of Vanrhynsdorp, measuring 22·5483 morgen, held by Deed of Transfer 2336, registered on 3 March 1959	

11-18

No. 561 11 April 1969

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Olifants River Government Water Scheme.

The Notice of Expropriation or Appropriation of the rights was served by registered letter, dated 13 March 1969, on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

Description of land	*Rights expropriated or appropriated*
1. Portion 23 (portion of Portion 3) of the farm Aan de Olifants Rivier 305, Division of Vanrhynsdorp, measuring eleven (11) morgen, held by Deed of Transfer 2070/34, dated 21 March 1934	Servitude of aqueduct.
2. Portion 24 (portion of Portion 3) of the farm Aan de Olifantsrivier 305, Division of Vanrhynsdorp, measuring one hundred and seventy eight decimal nine six two four (178·9624) morgen, held by Deed of Transfer 14517/51, dated 21 August 1951	Servitude of aqueduct.

11-18-25

No. 568 11 April 1969

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Olifants River Government Water Scheme.

The Notice of Expropriation or Appropriation of the rights was served by registered letter dated 6 March 1969, on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

Description of land	*Rights expropriated or appropriated*
Portion 110 (portion of Portion 86) of Karoo Vlakte 299, Division of Vanrhynsdorp, measuring 17·9806 morgen, held by Deed of Transfer 16837/63, dated 25 October 1963	Servitude of aqueduct.

11-18-25

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief gedateer 5 Maart 1969 aan die geregistreerde eienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaar bereik, op die Staat oor.

Beskrywing van grond	*Regte onteien of toegeëien*
1. Restant van Gedeelte 1 van die plaas Birdfield 306, afdeling Vanrhynsdorp, groot 626·0931 morg, gehou kragtens Transportakte 2799, geregistreer op 7 Maart 1957	Serwituut van waterleiding.
2. Gedeelte 93 (gedeelte van Gedeelte 72) van die plaas Melkboom 384, afdeling Vanrhynsdorp, groot 22·5483 morg, gehou kragtens Transportakte 2336, geregistreer op 3 Maart 1959	

11-18

No. 561 11 April 1969

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (a) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET 71 VAN 1965

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (a) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel 60 van genoemde Wet, besluit het om die volgende regte op die grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Olifantsrivier-staatswaterskema.

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief, gedateer 13 Maart 1969, aan die geregistreerde eienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaar bereik, op die Staat oor.

Beskrywing van grond	*Regte onteien of toegeëien*
1. Gedeelte 23 (gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Aan de Olifants Rivier 305, afdeling Vanrhynsdorp, groot elf (11) morg, gehou kragtens Transportakte 2070/34, gedateer 21 Maart 1934	Serwituut van waterleiding.
2. Gedeelte 24 (gedeelte van Gedeelte 3) van die plaas Aan de Olifants Rivier 305, afdeling Vanrhynsdorp, groot eenhonderd agt-en-sewentig desimaal nege ses twee vier (178·9624) morg, gehou kragtens Transportakte 14517/51, gedateer 21 Augustus 1951	Serwituut van waterleiding.

11-18-25

No. 568 11 April 1969

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (a) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET 71 VAN 1965

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (a) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel 60 van genoemde Wet, besluit het om die volgende regte op grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Olifantsrivier-staatswaterskema.

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief, gedateer 6 Maart 1969 aan die geregistreerde eienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaar bereik, op die Staat oor.

Beskrywing van grond	*Regte onteien of toegeëien*
Gedeelte 110 (gedeelte van Gedeelte 86) van Karoo Vlakte 299, afdeling Vanrhynsdorp, groot 17·9806 morg, gehou kragtens Transportakte 16837/63, gedateer 25 Oktober 1963	Serwituut van waterleiding.

11-18-25

No. 598 18 April 1969

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Olifants River Government Water Scheme.

The Notice of Exporpriation or Appropriation of rights was served by registered letter, dated 19 March 1969, on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

Description of land	*Rights expropriated or appropriated*
Portion 109 (portion of Portion 58) of the farm Birdfield 306, Division of Vanrhynsdorp, measuring 11·3201 morgen, held by Deed of Transfer 29632, registered on 23 November 1965	Servitude of aqueduct.

18–25–2

No. 602 18 April 1969

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (a) (ii) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Umgeni River Government Water Scheme.

The Notice of Expropriation or Appropriation of rights was served by registered letter, dated 5 March 1969, on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

Description of land	*Rights expropriated or appropriated*
Subdivision 133 (of 115) of Allemansdrift 950, situate in the County of Pietermaritzburg, measuring 26·5148 acres, held by Deed of Transfer 4271, registered on 7 April 1965	Servitude of aqueduct.

No. 610 18 April 1969

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (a) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT 71 OF 1965

